*Dinsdag* **1**

**SKRIFGEDEELTE: DEUTERONOMIUM 5:1-33**
**FOKUSGEDEELTE: DEUT 5:7, 30, 31A**

**God se genade in die lewe van 'n sondaar**

Sondaars kry nooit genoeg om van die uitsonderlike genade van God te hoor nie. Moses het op die berg Horeb geklim. Daar gee God die tien gebooie.

Aan die voet van die berg staan die volk. Hulle sien God se verskyning (Eks. 20:18). Eksodus 33 sê dat geen mens God kan sien en bly lewe nie. Tog het Israel bly lewe (vs 24). Dit bring hulle tot die besef van totale onwaardigheid en hulle versoek Moses dat hý liewer met hulle moet praat. Hierdie versoek keur God goed (vs 28). Hy sê: “Gaan maar terug na julle tente toe” (vs 53).

Hierdie woorde spreek van genade. Tente! Daar waar julle veilig is. Die teendeel sou wees dat Hy sê: Kom staan nader aan die berg; kyk en sien en hoor en word verteer. Nee, Hy sê: Gaan maar na julle tente. Die genade van God is dat Hy vir 'n sondaar begrip het.

Vir Moses sê Hy egter: “Maar jy moet hier by my kom staan.” Hy moet in die plek van die volk kom staan (vs 5). Hy moes die woorde van God vir die volk opvang. Moses staan vir hulle in. Dit is God se genade.

God praat met ons op verskillende maniere soos siekte, rampe en dood. Dan word jy stil. Begryp hoe hoog verhewe Hy is. Dan word sy uitsprake – soos vir Israel – ook vir jou te veel. Jy kan maar net ootmoedig voor Hom buig. Dan sê Hy: Kom staan hier op Golgota. Kom hang hier aan die kruis. Hier stort Ek my vuurgloed op jou (Jesus) uit. Hier moet jy my toorn opvang!

So het Jesus soos Moses tussen God en my, sondaar, gaan staan. Daarvoor buig ek diep dankbaar.

*Sing: Psalm 96:1, 2*

*Ds. LD (Lourens) Aucamp (Emeritus)*